

[Die dag van die HERE kom gou!](#)

7 Junie 2022



Vandag gaan ek met julle 1 Tessalonisense 5:1-22 behandel, maar ek gaan dit in gedeeltes doen soos die Gees wil.

Hierdie gedeelte soos opgeteken in 1 Tessalonisense 5:1-22 handel oor die wederkoms van Jesus vir Sy Bruid. Ons hoop waarop ons hoop! Prys Sy Naam!

*“<sup>[1]</sup> Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; <sup>[2]</sup> want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos ‘n dief in die nag. <sup>[3]</sup> Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval ‘n skielike verderf hulle soos die barensnood ‘n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.”*

Hierdie dag, liewe lesers, gaan skielik kom, net soos die vloed skielik gekom het in die tyd van Noag. Hier word daar vir ons baie duidelik gesê dat daar geen waarskuwing gaan wees nie en niemand gaan kan bepaal wanneer daardie dag gaan kom nie. Soos Jesus ook vir ons in Matteus 24 sê sal mense met hulle normale daaglikse take aangaan soos wat hulle al vir duisende jare doen. Op die veld sal twee mense werk en by die meul sal twee vroue saam koring maal, maar net een van elkeen sal geneem word en die ander een agtergelaat word.

Ek dink nie mense begryp die volle impak van wat hier geskryf staan nie, want iemand sal in sy motor ry wanneer die motor voor hom skielik van die pad af ry omdat die bestuurder nie meer daar is nie. Hierdie is uiters skrikwekkende goed om aan te dink en soos daar vir ons gesê word sal daar geen manier wees om dit te kan ontvlug nie..

*“<sup>[4]</sup> Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos ‘n dief sou oorval nie. <sup>[5]</sup> Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie. <sup>[6]</sup> Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees. <sup>[7]</sup> Want die wat slaap, slaap in die nag; en die wat dronk word, is in die nag dronk. <sup>[8]</sup> Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die bors wapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid.”*

Gelukkig vir ons wat in Jesus glo met Sy Heilige Gees in ons lewens nie kinders van die duisternis soos die wêreldlinge nie en daarom sal daardie dag ons nie skielik oorval soos 'n dief in die nag nie. Omdat ons kinders is van die dag, sal daardie dag ons nie aan die slaap vang nie! Ons is kinders van die dag en daarom waak ons en is ons nugter vir dit wat om ons aangaan. Ons het die bors wapen van geloof en liefde aan en die helm van hoop op die saligheid op ons koppe en daarom sal ons weet as die tyd naby is! Prys die Naam van die HERE!

*“<sup>[9]</sup> Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus <sup>[10]</sup> wat vir ons gesterf het, sodat ons, of ons waak en of ons slaap, saam met Hom kan lewe.”*

Ons wat in Jesus glo en die Heilige Gees in ons lewens het, hoef daardie dag nie te vrees nie, want ons is nie bestem tot God se toorn nie. Ons is bestem tot die saligheid saam met Jesus Christus! Wonderlik is die Naam van Jesus wat gegaan het om vir ons plek te berei sodat ons ook kan wees waar Hy is!

*“<sup>[11]</sup> Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen.”*

Wees daarom bly, want daardie dag is amper hier! Bemoedig mekaar met hierdie woorde en bou mekaar op om uit te hou.

*“<sup>[12]</sup> Maar ons vra julle, broeders, erken die wat onder julle arbei en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan; <sup>[13]</sup> en bewys hulle in liefde die hoogste agting ter wille van hulle werk. Hou vrede onder mekaar. <sup>[14]</sup> En ons versoek julle, broeders, vermaan die onordelikes, bemoedig die kleinmoediges, ondersteun die swakkes, wees lankmoedig teenoor almal. <sup>[15]</sup> Sorg dat niemand 'n ander kwaad vir kwaad vergeld nie; maar jaag altyd ná wat goed is, teenoor mekaar sowel as teenoor almal. <sup>[16]</sup> Wees altyddeur bly. <sup>[17]</sup> Bid sonder ophou. <sup>[18]</sup> Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle. <sup>[19]</sup> Blus die Gees nie uit nie. <sup>[20]</sup> Verag die profesieë nie. <sup>[21]</sup> Beproof alle dinge; behou die goeie. <sup>[22]</sup> Onthou julle van elke vorm van kwaad.”*

Moenie die Gees bedroef nie, lieve lesers en blus ook nie die Gees uit nie. As jy 'n geleentheid het om goed te doen teenoor iemand anders, doen dit dan, selfs al haat daardie persoon jou. As ons die dag nie meer hier is nie, is daardie goeie daed wat jy gedoen het 'n getuigenis wees vir die wat agtergebly het en hulle gaan daarvoor praat!

Ek weet dis moeilik om goed te doen aan iemand wat jou verag. Ek sit met 'n situasie soos dit en het eerstehandse ondervinding daarvan. Ek wou al baie keer net moed opgooi en vra wat die doel is dat ek my so moet verneder voor iemand wat dit nie waardeer nie, maar dan dink ek aan Jesus met wie daar gespot is en wat verwerp is en dan weet ek waarom ek ook so versoek word.

Bid sonder ophou, ook vir jou vyande en onthou jou van die kwaad. Jaag die goeie na en vergeet van die slegte, want satan probeer jou versoek. Moet hom nie die satisfaksie gee nie.

*“<sup>[23]</sup> En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!”*

Prys die Naam van Jesus!